# Om aksie te neem soos Jesus'

Efesiërs 4

31 Raak saam met alle ander slegte dinge
ontslae van alle bitterheid, woede, wraak,
geskel en gevloek. 32 Wees eerder vriendelik
met mekaar. Gee vir mekaar om. **Vergewe
mekaar** soos God julle vergewe het op
grond van wat Christus gedoen het.

Lukas 23

33 Toe hulle op 'n sekere plek kom wat
'Kopbeen' genoem word, het hulle Hom
daar gekruisig saam met die boosdoeners,
een aan die regter en een aan die
linkerkant. 34 Jesus sê toe: "Vader, vergeef
hulle, want hulle verstaan nie wat hulle
doen nie." Hulle het Sy klere verdeel en die
lot daaroor gegooi en gesê:

“Ander het Hy gered; laat Hy Homself red
as Hy Die Gesalfde Een, die gekose een van
God, is.” [35]Die mense het gestaan en kyk en
saam met die leiers het hulle ook gespot
[36]Ook die soldate het Hom gespot en
gekom en vir Hom suurwyn aangebied [37]en
gesê: “As U die Koning van die Jode is, red
Uself.”

Handelinge 7

59 Terwyl die klippe op Stefanus neergereëen het,
het hy gebid: “Here Jesus, neem my nou na U
toe.” Toe het hy op sy knieë neergeval en hard
uitgeroep: “Here, moenie dié sonde teen hierdie
mense laat tel nie! Vergeef hulle.”

Dit was Stefanus se laaste woorde. Hy het daarna
inmekaargesak en is daar op die plek dood.

## Jesus eienskappe wat ons na God se hart toe lei?

1. Vergifnis – Ons kan slegs vergewe deur op te kyk na God, nie deur rond te kyk na die regverdiging nie.

Johannes 13

34 Ek gee julle 'n nuwe gebod: **julle moet**
**mekaar liefhê.** Soos Ek julle liefhet, moet
julle mekaar ook liefhê. 35 As julle mekaar
liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van
My is."


1
2
3
4
5

Johannes 3

16"God het die wêreld so liefgehad dat Hy
sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in
Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die
ewige lewe sal hê.

**Jesus eienskappe wat ons na God se hart toe lei?**

1. Vergifnis – Ek kan slegs vergewe deur op te kyk na God, nie deur af te kyk na die regverdiging nie.
2. Liefde – Liefde verander lewens wanneer aksies daaruit vloei; Hoe lyk liefde in my lewe?



## Matteus 26

39 Hy het 'n entjie verder gegaan en daar
gekniel met die gesig teen die grond en
gebid: "My Vader, as dit moontlik is, laat
hierdie lydensbeker by My verbygaan.
Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie,
maar soos U wil."

Matteus 26

40 Daarna kom Hy na die dissipels toe terug
en kry hulle aan die slaap. Hy sê toe vir
Petrus: "Kon julle nie eens een uur lank
saam met My waak nie? 41 Waak en bid,
sodat julle nie in versoeking kom nie. Die
gees is gewillig, maar die vlees is swak."

Matteus 26
42'n Tweede keer het Hy gaan bid en gesê:
"My Vader, as hierdie lydensbeker nie by
My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink
nie, laat u wil geskied." 43Toe Hy terugkom,
kry Hy hulle weer aan die slaap, want van
die vaak kon hulle nie hulle oë oophou nie.
44Hy het hulle weer alleen laat bly en 'n
derde keer gaan bid en dieselfde woorde
gesê.

**Jesus eienskappe wat ons na God se hart toe lei?**

1. Vergifnis – Ek kan slegs vergewe deur op te kyk na God, nie deur af te kyk na die regverdiging nie.
2. Liefde – Liefde verander lewens wanneer aksies daaruit vloei; Hoe lyk liefde in my lewe?
3. Volharding – Dis wanneer ek volhard in God se plan vir my wat daar wonderwerke in en deur my gebeur